Beantwoord **drie** vrae, elkeen oor 'n ander teks. Kies een vraag uit Afdeling 1, een uit Afdeling 2 en een ander vraag.

## Afdeling 1

**1 *Die kremetartekspedisie*, Wilma Stockenström**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ek hou daarvan om die kleintjies te sien lekkernye smul. Ek hou van die woelwaters se geklouter op en oor my en ek hou van stories vertel, maar met die opgeskote jongetjies en meisies kom ek minder goed oor die weg. Ek voel raar verleë by hulle. […] Ek geniet dit om vuil mondjies af te vee en na vreeslike aantygings te luister en om trooswoorde vir eina kry en groot skrik te vind. Aai! Aai! roep ek. Moenie vir vingertjie in die papegaai se kou steek nie! Aai nee! En ek karnuffel die lyfies dat hulle uit-asem skater van lekkerkry.

Ek voel ongemaklik wanneer my weldoener my daarby betrap. Sy glimlag. Dit rym alles nie met die ek wat ek vir hom probeer wees nie…

(bl. 55–56)

**(i)** Waarom is dit vir die verteller belangrik dat haar weldoener nie haar sagte kant sien wanneer sy met die kinders speel nie?

**(ii)** Waarom mag die verteller nie self 'n ma word nie?

**(iii)** Bespreek die tema van slawerny in die verhaal.

**Of:**

**(b)** Bespreek die rol van die kleinmensies in die verhaal.

© UCLES 2017 

**2** ***Roepman*****, Jan van Tonder**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Ma-hulle het na ŉ week teruggekom. En wat bring hulle van die plaas af saam? Nie Oupa se sanna of sy swepe of die streepsak rosyntjies in die waenhuis of die groot eetkamertafel of die riempiesbank of die traporreltjie nie. Nee, hulle kom met Ouma hier aan. Ouma Makkie.

"Wat het van al Oupa-hulle se mooi goed geword, Ma?"

"Verdeel tussen die kinders," het Ma gesê. "Die goed wat ek gekry het, het oom James en oom Malcolm en tannie Toeks by my gekoop. Wat help dit in elk geval om ŉ eetkamerstel stuk-stuk uit te deel? En ons het die geld nodiger as die stoele."

"Het ons dan niks van Oupa gekry nie, Ma?" het ek gevra.

Sy het my hare deurmekaar gekrap en in my oë gekyk. "Hoe kan jy so vra, my klonkie, wat van Ouma? Ons het háár mos nou."

(bl. 19–20)

**(i)** Wat was Janus se reaksie op die nuus dat ouma Makkie by hulle gaan bly?

**(ii)** Bespreek Ouma Makkie se rol in die gesin.

**Of:**

**(b)** Bespreek Gladys se invloed as ma, vriendin en werker in die roman.

**3** ***Fiela se kind*, Dalene Matthee**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

“Ek is nie julle kind nie.”
“Is, jy is.”
“My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.”
“Jy’s Lukas wat weggeraak het, man!”
“Ek is Benjamin Komoetie.”
“Sjuut!” het sy hom stilgemaak en haar kop skeef gehou soos een wat luister. “Hoor jy dit?”
“Wat?”
“Is jy doof? Dis ŉ bosduif en ŉ bosloerie tesame.”
Die meisiekind was nie reg nie. Die meeste van die tyd het sy geraas gemaak en gesê sy maak musiek. As dit nie ŉ stok was wat sy teen ŉ blik loop kap nie, was dit teen ŉ bottel of ŉ stuk hout.

(bl. 104)

**(i)** Wat was Benjamin se eerste indruk van Nina in die bos?

**(ii)** Verduidelik hoe Benjamin en Nina se verhouding ontwikkel het met verwysing na die uittreksel en die roman as geheel.

**Of:**

**(b)** Bespreek die invloed van die konstabel op die Van Rooyen en Komoetie gesinne.

## Afdeling 2

### 4 *Die groot anders-maak*, Jan Rabie

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** "O Damoeb, ek is so trots op jou…jy was vir niks bang nie."

Bespreek die liefde tussen Damoeb en Keas.

**Of:**

**(b)** Oasib veg vir sy kultuur en sy mense in die roman. Bespreek.

### 5 *Mis*, Reza de Wet

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** "Sy is fiets en fyn. (*suggestief*) Maar haar heupe is tog breed genoeg."

Verduidelik hoekom dit ironies is dat Miem haar dogter aan die konstabel probeer afdwing. Staaf jou antwoord met voorbeelde uit die toneelstuk.

**Of:**

**(b)** Bespreek die rol van die sirkusmusiek en die solder in die drama.

### 6 *Raka*, N. P. van Wyk Louw

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)**.

**Of:**

**(a)** "Dít is sy gebied, hier waar die boomwortels in die droë riet en papkuil van die stroom se dooi bogte rank, en die hele warm dag die soet stank opstroom langs die rand van die woud."

Verduidelik die ooreenkomste van Raka se persoonlikheid met dié van sy omgewing na aanleiding van die aanhaling en die gedig as geheel.

**Of:**

**(b)** Bespreek die tema van fisieke krag in die gedig.

© UCLES 2017

